**22 Maart**
**Skrifgedeelte: Habakuk 3**
**Fokusgedeelte: Habakuk 3:17-18**

## Alhoewel … Nogtans

In die huidige ontredderde wêreld moet ons as gelowiges des te meer ons geloof uitleef. Die wêreld moet aan ons kan sien dat ons in die krag van die geloof ons pad met blydskap wandel. Soos ‘n goue draad loop die oproep om bly te wees deur die Bybel. Innige blydskap maak ‘n belangrike deel van ons godsdiens uit.
Habakuk het ellende geken – bome sonder vrugte en die veld sonder vee! Nogtans kla hy nie. Inteendeel, hy jubel in die Here. Soos by Job, Dawid, Paulus en talle ander hoor ons ook by hom die jubellied van die geloof. Hierdie “nogtans” is die *nogtans* van ‘n gelowige wat weet niks kan hom sy blydskap ontneem nie, want dit is nie ‘n blydskap oor *iets* nie, maar in *iemand* – in die Here. Sodanige blydskap is onafhanklik van omstandighede. Só ‘n blydskap maak van vraagtekens uitroeptekens. Saam met die Spreukedigter weet die gelowige (Spr 15:15): “Dit gaan altyd sleg met ‘n bedrukte mens: die blymoedige mens se hele lewe is ‘n fees.”
Om te kan jubel, is ‘n vrug van die Heilige Gees. ‘n Kind van God loop tog nie heeldag met ‘n suur gesig nie. Jesus Christus is immers self die groot “NOGTANS” van God. Alhoewel Hy die Lam van God is, het hy vir ons gesterf en opgestaan, sodat ons vanweë die krag van sy opstanding (vergelyk Rom 6) ons kruis blymoedig kan dra. *Alhoewel ek nog daagliks moet stry teen die swakheid van ons geloof, mag ek nogtans juig oor God se genade*. Hierdie blydskap inspireer ander om ook só gelukkig-bly te wees.
Onder die nuwe hemel en op die nuwe aarde sal die volgorde ánders wees. Dan sal die *nogtans* voor die *alhoewel* staan: *Nogtans sal ek altyd by die Here bly, alhoewel dit te wonderbaarlik klink vir my!*
Mag jy intussen die genade ontvang om onder álle omstandighede saam met Habakuk (vers17-18) te kan sê: “ Al sou … nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder!”
*Sing: Psalm 73:10 Dr DR Fouché (Emeritus)*